



+27 (0) 12 335 6994
+27 (0) 12 335 1059
+27 (0) 83 611 0467
www.wrsa.co.za
23073 GEZINA 0031
381 Booysen Street/Booyesenstraat 381, ELOFFSDAL, 0084, Pretoria
Reg No: 2006/010722/08 VAT/BTW No.: 4200 228 098



1 April 2020

Beste WRSA-lede,

COVID-19

In hierdie moeilike en onseker tye, is ons organisasie trots om hier te wees vir julle en uit ons pad te gaan om te verseker dat ons lede ingelig en op hoogte gehou word van die jongste verwickelinge rakende COVID-19 ten einde te verseker dat u op die verantwoordelikste manier kan voortgaan met u besigheid.

Alhoewel die WRSA-kantoor gesluit is, werk al ons personeellede van die huis af om steeds ons lede op die mees professionele manier te bedien, soos ons nog altyd gedoen het.

Indien u enige navrae het, skakel my gerus by 083 650 0442 of stuur 'n e-pos aan pa@wrsa.co.za / ceo@wrsa.co.za.

Ons was vir seker besig sedert die afsonderingstyd wat president Ramaphosa op 24 Maart aangekondig het. Bo en behalwe die gewone e-posse wat ons die afgelope week aan u gestuur het wat ook op ons webwerf (www.wrsa.co.za) gepubliseer is, hiermee nog belangrike inligting en dokumente.

NOODSAAKLIKE DIENSTE

Voedselproduksie en wildbestuur is twee van die noodsaaklike dienste wat vrygestel is van beperkings soos gelys in die Regulasies. WRSA spreek hiermee opregte waardering uit teenoor Minister Creecy vir die versekering dat wildbestuur, teenstropery, diereversorging en veeartsenykundige dienste as noodsaaklike dienste in Bylae B (klousule B12) van die Regulasies opgeneem is.

Tydens 'n vergadering met Minister Creecy op 26 Maart, het sy ons almal herinner aan die doel van die sluiting: Om lewens te red deur kontak te verminder.

VERVOER VAN WILD

Minister Creecy het ook 'n beroep op alle wildboere gedoen om asseblief te aanvaar dat, ondanks die feit dat wildbestuur as 'n noodsaaklike diens gelys is, besigheid gedurende die afsonderingsperiode nie soos gewoonlik bedryf kan word nie. Ons het dit almal besef gedurende die afgelope vier dae van afsondering.

Die minister het wildboere versoek om dit deeglik te oorweeg voordat hulle gedurende die afsonderingsperiode enige diere probeer verskuif; veral as daar gelet word op die moontlikheid van vertraging by padversperrings en die negatiewe uitwerking wat dit op die welsyn van die diere sal hê. WRSA ondersteun die minister ten sterkste in haar versoek.

VERSKUIWING VAN BUFFELS

WRSA het dr. Mpho Maja, Direkteur: Dieregesondheid genader oor die verskuiwing van buffels wat tans in bomas is en waarvan die toetsuitslae binne die afsonderingsperiode sal verval. Dr Maja het op 31 Maart bevestig dat die geldigheid van toetsuitslae op buffels, met 21 dae verleng sal word ná die opheffing van die afsonderingsperiode, op voorwaarde dat die diere geïsoleer gebly het en nooit in kontak was nie met ander diere van onbekende of swakker gesondheidstoestand. Staatsveeartse sal in hierdie stadium nie toelaat dat buffels verskuif word nie, maar buffel-eienaars sal dit binne 21 dae nadat die afsonderingsperiode opgehef is, kan doen op voorwaardes dat die diere in isolasie gebly het soos hierbo genoem. WRSA spreek waardering uit teenoor dr. Maja en haar span. Ons stuur die amptelike kommunikasie aan ons lede sodra ons dit ontvang.

CEO/HUB: A Kitshoff-Botha

President: T Mogashoa **Adjunkpresident/Deputy President:** W vd Linde
Direkteur/Directors: NJ Adami, DJ Cunningham, ER Davey, AI Douglas, M Gcabo,
G Heyneke, Dr T Lesoli, JD Malan, JL Pretorius, LLS vd Walt
Co-opted members: K Maphai, P Ernst Jr, R Nel

GEBRUIK VAN HELIKOPTERS

Tans bepaal die Regulasies dat lugvaart slegs noodsaaklike vrag mag vervoer. Op hierdie stadium verstaan ons dat die gebruik van helikopters nie toegelaat word nie, selfs nie op u eie plaas nie. WRSA is ook spesifiek bekommerd oor die effek wat dit op teenstropingsmaatreëls sal hê. Ons het die kwessie geëskaleer en hoop om binnekort 'n antwoord te hê om met ons lede te deel.

REISPERMITTE

WRSA het twee permitte wat gebruik moet word, aan ons lede versprei:

- *Employment letter*: vir uitreiking aan werknemers wat noodsaaklike diens verrig om na en van u plaas te reis;
- *Employment letter for transportation of goods*.

Hierdie permitte is ook op ons webwerf beskikbaar.

Maak asseblief seker dat u maatskappy se naam bo aan die permitte verskyn (of gebruik u briefhoof) en dat AgriSA en WRSA se logo's op die permitte bly.

VERVOER VAN PERSONEEL

Hierby aangeheg is 'n afskrif van die nuwe Regulasie wat die minister van vervoer op 31 Maart gepubliseer het, met meer duidelikheid oor hierdie kwessie.

DEEL VAN INLIGTING

Al ons korrespondensie oor COVID-19 wat aan lede per e-pos gestuur word, asook dokumente wat aan hierdie e-posse geheg is, is beskikbaar op ons webwerf: www.wrsa.co.za.

Ons deel ook gereeld belangrike inligting via WhatsApp. As u tans nie WhatsApp-boodskappe van ons ontvang nie, laat weet my dan deur 'n WhatsApp-boodskap na 083 382 6274 te stuur

AgriSA VRAE DIKWELS GEVRA (VDG)

Hierby aangeheg is 'n AgriSA-dokument met VDG en antwoorde daarop. Dit sal deurlopend opgedateer word.

Ten slotte wil ek u en u gesin 'n sinvolle afsonderingsperiode toewens waarin u tyd sal kry om saam met u huismense deur te bring, die dinge te doen waarvoor u nooit kans kry nie en veilig en gesond bly.

Groete,

Adri Kitshoff-Botha

Mev. Adri Kitshoff-Botha

WRSA: Hoofuitvoerende Beampte